


You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# EKONOMIE

## EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 34 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | 3 |
| **2.** | **ASSESSERING IN GRAAD 12** | 4 |
| 2.1 | Formaat van die vraestelle | 4 |
| 2.2 | Detail van vraestelle | 4 |
| 2.3 | Kognitiewevlak-tabel | 6 |
| 2.4 | Riglyne vir nasien | 7 |
| 2.5 | Bevelswerkwoord-detail | 10 |
| 2.6 | Hoër-orde-vrae | 12 |
| **3.** | **INHOUD** | 14 |
| **4.** | **SLOT** | 34 |

## 1. INLEIDING

Die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Ekonomie beskryf die aard en doel van die vak Ekonomie. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS)-eksamen in Ekonomie geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: Ekonomie
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, graad R–12

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | **Alle onderwerpe waar 'bespreek in detail/ondersoek in detail/vergelyk en onderskei in detail' voorkom, moet as opstelonderwerpe vir die volgende drie-jaar siklus beskou word.** |

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 Formaat van die vraestelle

**KLASSIFIKASIE VAN ONDERWERPE VIR DIE GRAAD 12-EKONOMIE-VRAESTELLE**

<table>
<tr><th colspan="3">EKONOMIE GR.12</th></tr>
<tr><td>VRAESTEL 1<br><br>150 PUNTE – 2 UUR</td><td rowspan="5"></td><td>VRAESTEL 2<br><br>150 PUNTE – 2 UUR</td></tr>
<tr><td>HOOFONDERWERP:<br>MAKRO-EKONOMIE</td><td>HOOFONDERWERP:<br>MIKRO-EKONOMIE</td></tr>
<tr><td>SUBONDERWERPE:<br>• Ekonomiese kringloop<br>• Sakesiklusse<br>• Openbare sektor<br>• Buitelandsevaluta-markte</td><td>SUBONDERWERPE:<br>• Volmaakte markte<br>• Onvolmaakte markte<br>• Markmislukkings</td></tr>
<tr><td>HOOFONDERWERP:<br>EKONOMIESE STREWES</td><td>HOOFONDERWERP:<br>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES</td></tr>
<tr><td>SUBONDERWERPE:<br>• *Beskerming en vryhandel<br>• Groei en ontwikkeling<br>• Nywerheidsontwikkelingsbeleide<br>• Ekonomiese en sosiale prestasie-aanwysers</td><td>SUBONDERWERPE:<br>• Inflasie<br>• Toerisme<br>• Omgewingsvolhoubaarheid</td></tr>
<tr><td colspan="3">* Neem kennis dat Beskerming en Vryhandel van Makro-ekonomie na Ekonomiese Strewes verskuif is.</td></tr>
</table>

### 2.2 Detail van vraestelle

- Elke vraestel tel 150 PUNTE.
- Die tydsduur van elke vraestel is 2 UUR.
- Elke vraestel bestaan uit SES VRAE, wat in DRIE afdelings ingedeel is.
  Van die ses vrae moet slegs VIER soos volg beantwoord word:
  - AFDELING A: VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
  - AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae: VRAAG 2–4 waarvan die kandidaat slegs TWEE moet kies
  - AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae: VRAAG 5–6 waarvan die kandidaat slegs EEN moet kies
- Die bogenoemde vraestelle mag NIE op dieselfde dag geskryf word NIE.
- Die gedetailleerde vereistes vir elke afdeling (per vraestel) word op die volgende bladsy gegee.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)** **TOTAAL: 30**

**VRAAG 1**

1.1 ***MEERVOUDIGEKEUSE-ITEMS** (laer orde)
MET 4 MOONTLIKE opsies **per hoofonderwerp** = 8 items (2 punte per item)
(8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS (KOLOM A EN B)** (laer orde)
VIER items **per hoofonderwerp** = 8 items (1 punt per item) (8 x 1) (8)

1.3 **NOEM DIE TERM** (middel-/laer orde)
DRIE items **per hoofonderwerp**. (6 x 1) (6)

*Alhoewel die vrae van 'n lae orde is, kan hulle as MAKLIK (bv. oop ekonomie), MATIG (bv. reële vloei of MOEILIK (bv. outonome verbruik) geklassifiseer word.*

**AFDELING B (BEANTWOORD TWEE VRAE IN HIERDIE AFDELING)** **TOTAAL: 80**

**VRAE 2–4 (DRIE VRAE)**

EEN vraag per HOOFONDERWERP en EEN gekombineerde vraag tussen die 2 HOOF ONDERWERPE (50%/50%)

2.1 Kort items

2.1.1 Laer orde (2 ITEMS) Noem TWEE. (2 x 1) (2)
2.1.2 Middelorde (1 ITEM), bv. hoe, hoekom en wat ('n toepassing-tipe vraag).
(1 x 2) (2)

2.2–2.3 TWEE dataresponsvrae (middelorde), bv. Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/uittreksel/werklike data en beantwoord die vrae wat volg.
(10 x 2) (20)

- (Items in die dataresponsvrae moet van maklik na moeilik gerangskik word: 2 punte maklik, 4 punte redelik en 4 punte moeilik)
- Die antwoorde op die eerste 2 vrae (1 punt elk) mag in die data voorkom, maar sal 'n toepassing wees
- Datarespons-vrae gee konteks aan watter aspekte geassesseer word, en antwoorde sal nie noodwendig in die data voorkom nie

2.4 EEN enkelvraag (middelorde), bv. verduidelik, bespreek, onderskei of differensieer tussen, trek 'n korrek benoemde grafiek/trek 'n korrek benoemde grafiek en verduidelik/gebruik 'n gegewe grafiek en verduidelik. (8)

2.5 EEN enkelvraag (hoërorde) bv. hoe, hoekom of evalueer. (8)
***Hoërorde-vrae is in die inhoud gegrondves. Hierdie tipes vrae toets kritiese denke, waar kandidate in staat moet wees om hul kennis deur logiese beredenering toe te pas en 'n bewustheid van hul huidige ekonomiese klimaat moet hê. Inhoud (gedek deur*** bespreek/ondersoek/beskryf/ontleed/verduidelik/evalueer/vergelyk/assesseer/regverdig/konstrueer/bereken) ***kan as hoërorde vrae geassesseer word. Antwoorde sal nie noodwendig in handboeke aangetref word nie.***

| |
|---|
| Met betrekking tot *wat*-, *hoe*- en *hoekom-vrae*, moet leerders deur die puntetoekenning in die beantwoording van die vraag gelei word. Bv. *Hoekom … (2 punte)* sal EEN besprekingspunt vereis, en *Hoekom … (8 punte)* sal DRIE tot VIER besprekingspunte vereis, afhangende van die voorbeelde wat gegee word.<br>Antwoorde moet betekenis gee aan die kontekstuele vereistes van die vraag! |

**[40]**

**AFDELING C BEANTWOORD EEN VRAAG IN HIERDIE AFDELING TOTAAL: 40**

**VRAE 5–6 (TWEE OPSTELVRAE)** EEN vraag per HOOFONDERWERP

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde-antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, verwant aan die vraagonderwerp, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek<br><br>**Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle/ Konstrueer 'n grafiek (buitelandse valutamark, vermenigvuldiger) | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

## 2.3 Kognitiewevlak-tabel

| HOOFONDERWERPE | | AFDELING A | | | AFDELING B | | | | | AFDELING C | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Meervoudige keuse | Pasitems A en B | Gee die term | Kort items | | Data-respons | Enkelvrae | | Opstelvrae | |
| | | Laer | Laer | Laer | Laer | Middel | Middel | Middel | Hoër | Laer | Hoër |
| VRAESTEL 1 | Makro-ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 =4 | 3x1=3 | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Ekonomiese Strewes | 4x2 = 8 | 4x1 =4 | 3x1=3 | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Makro en Strewes | | | | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | | |
| | TOTAAL | **16** | **8** | **6** | **4** | **4** | **40** | **16** | **16** | **10** | **30** |
| | | | | | | | | | | | |
| VRAESTEL 2 | Mikro-ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 =4 | 3x1=3 | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Kontemporêre ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 =4 | 3x =3 | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Mikro en Kontemporêr | | | | 2x1=2 | 1x2=2 | 2x10 =20 | 8 | 8 | | |
| | TOTAAL | **16** | **8** | **6** | **4** | **4** | **40** | **16** | **16** | **10** | **30** |

| | KOGNITIEWE VLAKKE | PUNTE | % |
|---|---|---|---|
| VRAESTEL 1 EN VRAESTEL 2 | **Laer orde (Vlakke 1 en 2)** | 44 | 29,3 |
| | **Middelorde (Vlakke 3 en 4)** | 60 | 40,0 |
| | **Hoër orde (Vlakke 5 en 6)** | 46 | 30,7 |

**LET WEL:** Kognitiewevlakafwykings moet nie 2,67% oorskry nie.

Kopiereg voorbehou 

## 2.4 Riglyne vir nasien

**Puntetoekenning hang van die kognitiewe vlak van die vraag af, soos volg:**

| **AFDELING A** | |
|---|---|
| **Meervoudigekeuse-items:** | **2 punte per item (8 x 2) (16)** |
| Bv. **Oligopolieë wat op 'n formele wyse saamspan, word … genoem.**<br>A. kartelle. ✓✓<br>*(Items in hierdie afdeling is maklike/matige **laerorde**-vrae en vereis slegs herroep van inligting. Die kandidaat hoef slegs 'n bepaalde ekonomiese term **identifiseer** van 'n gegewe beskrywing).* | |
| **Pasitems (Kolom A en B):** | **1 punt per item (8 x 1) (8)** |
| Bv. **Inflasie**<br>'n Volgehoue styging in die algemene pryspeil ✓<br>*(Items uit hierdie afdeling is maklike/matige **laerorde**-vrae, en vereis slegs herroep van inligting. Die kandidaat moet 'n spesifieke ekonomiese item in Kolom A by 'n gegewe beskrywing in Kolom B pas.)* | |
| **Gee een term vir gegewe definisie:** | **1 punt per item (6 x 1) (6)** |
| Bv. **Die stelsel wat afvalmateriaal in nuwe produkte omskakel**.<br>Herwinning ✓<br>(Items uit hierdie afdeling is matige/moeilike **laerorde-vrae** en vereis herroep van inligting. Die kandidaat moet in staat wees om 'n spesifieke ekonomiese term uit 'n gegewe definisie te **herroep**)<br>**LET WEL:** In hierdie items word die antwoorde nie voorsien nie. | |
| **AFDELING B** | |
| **Noem TWEE** | **1 punt per item (2 x 1) (2)** |
| Bv. **Gee TWEE redes vir markmislukking**.<br>Eksternaliteite ✓<br>Ontbrekende markte ✓<br>Onvolmaakte mededinging ✓<br>*(Dit is 'n maklike **laerorde**-vraag en vereis herroep. Daar word dus van die kandidaat verwag om korrekte feite, volgens die goedgekeurde handboeke, te verskaf.)* | |
| **Wat? Hoekom? Hoe? en Toon** | **2 punte vir 'n korrekte antwoord (1 x 2) (2)** |
| Bv. **Watter effek sal 'n swak geldeenheid op uitvoere hê?**<br>Dit sal lei tot 'n styging in uitvoere ✓✓<br>*(Dit is 'n maklike tot matige **middelorde**-vraag en vereis begrip. Daar word dus van die kandidaat verwag om die korrekte beredenering/ begrip van die betrokke term of feit te verskaf)* | |
| **TWEE dataresponsvrae** | **2 x 10 (20)** |
| Items in 'n: **Spotprent, Uittreksel, Grafiek, Tabel, Prente, of 'n mengsel** daarvan.<br><br>*(Dit is 'n maklike tot moeilike **middelorde**-vraag en vereis insig en begrip van die betrokke onderwerp)*<br>*Vrae se omvang van **maklik tot moeilik**.*<br>**Bv. GRAFIEK** | |




| | | |
|---|---|---|
| 2.2.1 | Wat is die verkoopprys van die besigheid hierbo? | (1) |
| 2.2.2 | Identifiseer die letter op die grafiek hierbo wat die verlies minimeringspunt aandui. | (1) |
| 2.2.3 | Beskryf kortliks die term *monopolie*. | (2) |
| 2.2.4 | Hoekom is die ewewigsposisie hierbo tipies van die korttermyn? | (2) |
| 2.2.5 | Bepaal die verlies vir hierdie besigheid. Toon ALLE berekeninge. | (4) |

**Paragraafvraag** **(4 x 2) of (2 x 4) (8)**

*(Hierdie is 'n <u>matige tot moeilike **middelorde**-vraag</u> wat insig en begrip van die betrokke onderwerp vereis, kandidate moet in staat wees om te herroep, feite beredeneer uit goedgekeurde handboeke en dan feite met toepaslike voorbeelde te staaf/demonstreer)*

Puntetoekenning: TWEE punte moet per feit toegeken word. Noem van voorbeelde sal slegs EEN punt tel. Indien 'n voorbeeld toepaslik verduidelik word, sal TWEE punte toegeken word. Indien feite slegs genoem word, sal 'n maksimum van VIER punte toegeken word.

**Paragraafvraag** **(4 x 2) of (2 x 4) (8)**

*(Hierdie is 'n* ***<u>hoërorde</u>****-vraag en vereis 'n dieper insig en begrip van die betrokke onderwerp. Kandidate moet in staat wees om hul eie opinie te gee en dan argumente teen/ten gunste van te gee, of oplossings rakende sekere kwessies aan te beveel. Toepassing van kennis)*

*Kandidate moet in staat wees om:*

- *hul eie opinie te gee en te staaf / argumente teen of ten gunste van te demonstreer*
- *sekere aksies/waardes in die ekonomie te evalueer en te kritiseer*
- *sekere aspekte in die ekonomie te ontleed deur ondersoek en kritiek*
- *ekonomiese modelle bv. grafieke en diagramme te gebruik, om sekere aspekte van die ekonomie te verduidelik*

## AFDELING C

**Opstelvraag** **(40)**

**Inleiding** **(2)**

*(Die inleiding is 'n matige tot moeilike **laerorde**-antwoord, 'n Kandidaat kan 'n aanvaarde definisie of gepaste verduideliking van die onderwerp onder bespreking, as inleiding gee)*

**Puntetoekenning:** TWEE punte sal toegeken word as 'n kandidaat 'n korrekte definisie of 'n gepaste verduideliking van die onderwerp onder bespreking, kan gee.

**Inhoud: Hoofdeel** **(26)**

*(Die hoofdeel is 'n **hoërorde**-antwoord wat sekere **laerorde**-elemente bevat. Bv. Die **noem** van opskrifte kan as 'n laerorde-antwoord beskou word)*

***Voorbeeld:*** *As die vraag lees:*
**Bespreek hoe die fiskale beleid gebruik kan word om sakesiklusse te effen.**

- *Die antwoord moet verband hou met belastings en owerheidsbesteding, deur aan te toon hoe dit in die effening/gladstryking van siklusse gebruik word.*
- *As 'n kandidaat slegs die fiskale beleid bespreek sonder om duidelik te toon wat die verwantskap met die effening van siklusse is, kan die kandidaat nie maksimum punte verdien nie.*
- *Waak daarteen om inligting onder 'n sekere opskrif te aanvaar, bloot omdat dit in die teks verskyn. Somtyds is die inligting nie verwant aan die vraag wat gevra is nie.*
- *Hou in gedagte dat handboeke meer of minder inligting oor 'n onderwerp verskaf, as wat deur die eksamenriglyne vereis word. Volgens die eksamenriglyne, kan meer as een vraag oor 'n bepaalde onderwerp gevra word. Die kandidaat moet in staat wees om die relevante inligting te kies/onttrek en dan te verbind met die vraag.*

**Puntetoekenning**:

- EEN punt sal toegeken word vir 'n feit wat nie in konteks geskryf is nie/genoem is/nie ten volle verduidelik is nie.
- TWEE punte sal toegeken word vir 'n feit wat ten volle verduidelik is en verband hou met die vraag.

Bv. As die kandidaat na prysleierskap in sy antwoord verwys, en die kandidaat skryf:
'prysleier', ('n enkel begrip sonder enige verdere detail) kry die kandidaat slegs EEN punt.

As die kandidaat skryf: 'die prysleier is gewoonlik die grootste of dominante besigheid in die nywerheid', kry die kandidaat TWEE punte.

**Inhoud: Addisionele deel** **(10)**

*(Hierdie is 'n matige tot moeilike **hoërorde**-vraag en vereis dieper insig en begrip van die spesifieke onderwerp. Kandidate moet in staat wees om:*
- *Hul eie mening te gee en dan te staaf/demonstreer argumente teen of ten gunste van*
- *Sekere aksies/waardes in die ekonomie te evalueer en te kritiseer*
- *Sekere aspekte in die ekonomie te ontleed deur ondersoek en lewering van kritiek*
- *Ekonomiese modelle, bv. grafieke en diagramme, te gebruik om sekere aspekte van ekonomie te verduidelik*

**Puntetoekenning:**

- *Waak daarteen om inligting onder 'n sekere opskrif te aanvaar, bloot omdat dit in die teks verskyn. Somtyds is die inligting nie verwant aan die vraag wat gevra is nie.*
- *Hou in gedagte dat handboeke meer of minder inligting oor 'n onderwerp verskaf, as wat deur die eksamenriglyne vereis word. In terme van die eksamenriglyne, kan meer as een vraag oor 'n bepaalde onderwerp gevra word. Die kandidaat moet in staat wees om die relevante inligting te kies/onttrek en dan te verbind met die vraag.*
- **EEN punt** sal vir 'n feit, wat nie in konteks geskryf is nie/nie ten volle verduidelik is nie, toegeken word
- **TWEE punte** sal vir 'n feit wat ten volle verduidelik is en verband hou met die vraag, toegeken word.

| Slot | (2) |
|---|---|
| *(Die slot is 'n <u>matige tot moeilike **hoërorde**-antwoord.</u> Die kandidaat kan enige gepaste finale/ slotopmerking oor die onderwerp onder bespreking, gee)*<br><br>**Puntetoekenning:** TWEE punte sal toegeken word as die kandidaat 'n gepaste finale/slotopmerking oor die onderwerp onder bespreking, kan gee*)*<br>**LET WEL:** Om kritiese denke binne die vak Ekonomie te ontwikkel, moet onderwysers voldoen aan die voorgeskrewe manier van merk, en behoort dit reeds op 'n gr. 10-vlak te begin. | |

## 2.5 Bevelswerkwoord-detail

Die volgende lys van bevelwerkwoorde, gee **onder andere** 'n aanduiding van die omvang en diepte van eksamineringsinhoud:

| BEVELWERKWOORD | GEKOPPEL AAN EKSAMENVRAESTELLE |
|---|---|
| Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/ Debatteer/Trek 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die grafiek | **Hoofdeel van die opstelvraag**<br>● Hoër orde 20 punte (vlakke 5 en 6)<br>● Laer orde 10 punte (vlakke 1 en 2) |
| | |
| Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Konstrueer 'n grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/ Regverdig/Debatteer/Gee voorstelle nie | **Addisionele deel van opstelvraag**<br>● Hoër orde 10 punte (vlakke 5 en 6) |
| | |
| Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die grafiek/Bereken/ Lei af/Vergelyk/Toon/Onderskei/ Interpreteer/Bespreek kortliks/ Verduidelik/Regverdig/Debatteer kortliks | **Enkelvrae**<br>● Een 8-punt middelorde (vlakke 3 en 4)<br>● Een 8-punt hoër-orde-vraag (vlakke 5 en 6) |
| | |
| Gebruik die: grafiek/tabel/diagram/ spotprent/data/inligting/uittreksel en …/ bereken/lei af/vergelyk/onderskei/ interpreteer/Bespreek kortliks/Verduidelik kortliks/Definieer/Gee 'n breë oorsig/ Debatteer kortliks/Wat?/Hoe?/ Hoekom?/ Toon | **Dataresponsvrae**<br>● Middelordevrae<br>● Vlakke 3 en 4<br>● 10 punte elk<br>● Items sal van maklik tot moeilik varieer |
| | |
| Kies die korrekte antwoord (meervoudige-keuse-items)/Pas Kolomme A en B/ Gee een term vir/Noem/Wat?/Hoe?/Hoekom?/ Toon | **Kort en objektiewe items**<br>● Laer-orde-items<br>● 1 en 2<br>● Items varieer van maklik tot moeilik<br>● 1 tot 2 punte elk |

| DIE VOLGENDE ILLUSTREER DIE TIPES LEERDER-RESPONSE IN DIE VERSKILLENDE KOGNITIEWE VLAKKE | |
|---|---|
| HOËR ORDE | **VLAK 6: SKEPPEND** |
| | **Kan die leerder nuwe menings of standpunte skep?**<br>● Stel alternatiewe oplossings voor.<br>● Ontwikkel nuwe, unieke strukture, stelsels, modelle, benaderings, idees en kreatiewe denke.<br>● Ontwikkel planne of prosedure, ontwerp oplossings, integreer metodes, hulpbronne, idees, of nuwe benaderings, en skryf protokolle of gebeurlikhede.<br>● Ontwikkel, beplan, skep, organiseer, hersien, formuleer, maak voorstelle, vestig, integreer en herrangskik. |
| | **VLAK 5: EVALUERING** |
| | **Kan die leerder 'n standpunt of besluit verdedig/regverdig?**<br>● Evalueer scenario's; oordeel met bewyse en maak toepaslike gevolgtrekkings.<br>● Beoordeel effektiwiteit van begrippe in geheel, in verhouding tot waardes, produksie doeltreffendheid, lewensvatbaarheid, kritiese denke, strategiese vergelyking en oorsig; oordeel verwant aan eksterne kriteria<br>● Hersien strategiese opsies of planne in terme van doeltreffendheid, opbrengs op belegging of koste-effektiwiteit; uitvoerbaarheid; beoordeel volhoubaarheid; voer 'n SSGB-analise in verband met alternatiewe uit; lewer 'n finansiële regverdiging vir 'n besigheidsvoorstel, bereken die effekte van 'n plan of strategie; voer 'n gedetailleerde kostevoordeel-analise uit met aanbevelings en regverdigings. |
| MIDDELORDE | **VLAK 4: ONTLEDING** |
| | **Kan die leerder tussen verskillende dele onderskei?**<br>● Versamelproses en ontleed inligting uit verskeie bronne om probleme en kwessies te evalueer.<br>● Interpreteer elemente en beginsels.<br>● Identifiseer samestellende dele en funksies van 'n proses of begrip.<br>● Breek idees in eenvoudige dele op. |
| | **VLAK 3: TOEPAS VAN KENNIS** |
| | **Kan leerders kennis op 'n nuwe manier gebruik/toepas?**<br>● Gebruik of toepas van kennis (bv. terme, begrippe, teorieë en metodes) en vaardighede (bv. kommunikasie, kritiese denke) om probleme en kwessies te bespreek.<br>● Skakel teorie om in praktyk, skep oplossings vir ekonomiese kwessies.<br>● Pas kennis toe op werklike situasies. |
| LAER ORDE | **VLAK 2: BEGRIP** |
| | **Kan die leerders idees of begrippe verduidelik?**<br>● Verstaan betekenis, herhaal data in jou eie woorde, verduidelik of interpreteer die betekenis van 'n gegewe scenario of stelling, stel behandeling voor, reaksie of oplossing van gegewe probleem, skep voorbeelde of metafore.<br>● Demonstreer 'n begrip van die feit. |
| | **VLAK 1: KENNIS/ONTHOU VAN** |
| | **Kan die leerder inligting, idees en beginsels herroep, onthou of herken in die gepaste vorm waarin hulle onderrig is?**<br>● Demonstreer kennis (onthou) van die betrokke inhoud (bv. sleutelwoorde of begrippe of terminologie). |

**LET WEL:**

Neem kennis van die volgende:

- 'Navorsing wêreldwyd bewys dat: in baie gevalle, die enigste rede waarom kandidate presteer met 'n mate van bevoegdheid in hul finale eksamens, is omdat vrae in die eksamens basies 'n afskrif van vrae is wat hulle al tevore gesien het; die kandidate word nie gevra om te dink nie.'

## 2.6 Hoërorde-vrae

Hoërorde-vrae plaas gevorderde kognitiewe eise op leerders. Dit moedig leerders aan om verder as letterlike vrae te dink. Hoërorde-vrae bevorder kritiese denkvaardighede, omdat hierdie tipe vrae van leerders verwag om inligting toe te pas, te ontleed, te sintetiseer en te evalueer, in stede van blote herroep van feite. Kwessies uit die regte wêreld kan gebruik word om 'n sienswyse te ondersteun of te weerlê.

Hoërorde-vrae vereis van 'n persoon om afleidings te maak, tot relevante en insiggewende gevolgtrekkings te kom, en hul kennis in nuwe situasies te gebruik. Dit vereis van 'n persoon om hul denke met ander situasies, en hul eie agtergrondkennis te verbind.

Dis noodsaaklik dat onderwysers besef dat daar baie meer maniere is om te onderrig, as blote leer soos 'n papegaai (memorisering deur herhaling). Daar is onderrig vir begrip, besluitneming, probleemoplossing, verbind 'n gedeelte met die geheel, detail tot begrip, en begrip tot begrip. Daar is ook afleiding, voorspelling, ontleding teenoor partydigheid, en leer vir oordrag. Elk van hierdie prosesse vereis 'n vorm van kritiese denke.

Geleenthede vir leerders om kritiese denkprosesse te ontwikkel word nie in klaskamers gevind wat oorheers word deur woordelikse herroep van feitelike inhoud nie. Dit word aangetref in klaskamers waar aktiewe leer 'n noodsaaklike komponent is.

- **Eienskappe van hoërorde-vrae:**
  - Vereis dat leerders by **onvoorbereide of onbekende kontekste betrokke raak**.
  - Vereis diep denke.
  - ***Gegrond op KABV-kurrikuluminhoud***.

- **Tipes hoër-orde-denke-vrae: (Wat? Hoe? Hoekom?)**

  **Analise:** Hierdie vrae vereis dat leerders sleutelinligting ontleed en belangrike begrippe, temas en prosesse analiseer.
  Byvoorbeeld:
  - *Hoe is x aan y verwant?*
  - *Wat is die vernaamste redes vir?*
  - *Wat is die impak/invloed van b op c?*
  - *Wat is die probleem waarvoor hulle te staan kom …?*
  - *Wat is die kernidee? Tema?*
  - *Wat is sommige/party van die probleme van …?*
  - *Hoe is … soortgelyk aan/verskillend van …?*
  - *Hoekom het … veranderinge voorgekom?*

  **Evaluering:** Hierdie vrae vereis van leerders om uitsprake/menings/oordele en kritiek volgens duidelik geartikuleerde evalueerbare kriteria te formuleer en te regverdig/motiveer.
  Byvoorbeeld:
  - *Verskaf 'n beter oplossing vir …?*
  - *Wat is die gevolge van …?*
  - *Wat is die voor- en nadele van …?*
  - *Wat is die alternatiewe vir …?*
  - *Hoe effektief is …?*

  **Kreatiwiteit/Sintese:** Hierdie vrae vereis van leerders om 'n holistiese opsomming van sleutelidees te formuleer; 'n geïntegreerde, samehangende, ondersteunde antwoord te gee; afleidings te maak; te herformuleer, herkonstrueer of scenario's te skep. Die eie mening is krities.
  Byvoorbeeld:
  - *Gebaseer op hierdie feite, watter voorspellings sou jy maak?*
  - *Maak 'n voorstel om hierdie probleem op te los.*
  - *Hoe kan die foute reggestel word?*
  - *Watter alternatief sou jy voorstel …?*

***PUNTE OM IN AG TE NEEM WANNEER HOËR KOGNITIEWE VRAE MET 'N NASIEN-RIGLYN NAGESIEN WORD**

- Dis belangrik om daarop te let dat 'n nasienriglyn hoofsaaklik die nasiener 'n aanduiding gee oor watter antwoorde aanvaarbaar is. Die kandidaat hoef NIE die antwoorde presies soos in die nasienriglyn te gee nie (behalwe objektiewe tipe vrae). Ten opsigte van ander vrae (AFDELING A, AFDELING B, noem, definieer, ens.) moet die nasienriglyn die kern van dit wat die kandidate sê/weergee, dek.
- Wanneer 'n sekere vraag, bv. vir 8 punte, nagesien word, is dit belangrik dat die kandidaat sy antwoord op so 'n wyse aanbied dat dit die vraag beantwoord.
- As 'n kandidaat slegs 'n voorbeeld gee, sal 1 punt toegeken word. 'n Verduideliking van die voorbeeld kan 'n verdere punt verdien.
- In 'n 8 punt-vraag is die maksimum getal punte wat 'n kandidaat vir voorbeelde en verduidelikings kan verdien, 4 punte. Die nasiener moet te alle tye kontroleer of die verduideliking die vraag beantwoord. In hoërordevrae, word 'n maksimum van 2 punte (25%) vir die blote noem van feite en voorbeelde toegeken.
- Ons moet waak teen die aanvaarding van inligting onder 'n sekere opskrif omdat dit in die teks voorkom. Soms is die inligting nie verwant aan die vraag wat gevra is nie.
- Daar moet onthou word dat handboeke meer/minder inligting oor 'n onderwerp gee as wat deur die eksamenriglyne vereis word. Ten opsigte van die eksamenriglyne kan meer as een vraag oor 'n sekere onderwerp gevra word. Die kandidaat moet in staat wees om die relevante inligting te kies/onttrek sodat dit op die vraag betrekking het.
- Soms lyk die inligting onder 'n sekere opskrif in handboeke abstrak in vergelyking met die eksamenvereistes. Die belangrike aspek om in ag te neem, is dat nie alle inligting in die teks relevant tot die vraag kan wees nie.

## 3. INHOUD

| **HOOFONDERWERP:<br>MAKRO-EKONOMIE** | |
|---|---|
| **ONDERWERP 1:<br>EKONOMIESE KRINGLOOP-MODEL** | **CONTENT DETAILS FOR TEACHING, LEARNING AND ASSESSMENT PURPOSES** |
| **Stel die ekonomiese kringloop as 'n makro-ekonomiese model voor:** | (Fokus: Relevante begrippe, onderlinge verhoudings tussen deelnemers, markte, vloeie, inspuitings, lekkasies en ewewig in die ekonomie) |
| **1.1 Die oop ekonomiese-kringloop-model** | • Beskryf kortliks die **begrippe** verwant aan die ekonomiese kringloop<br>• Teken en interpreteer 'n **oop viersektor-ekonomiesekringloop-vloeidiagram**<br>• Bespreek die 4 **deelnemers** en die onderlinge verhoudings tussen hulle:<br>- Huishouding, sakesektor, owerheid en buitelandse sektor<br>- Reële vloeie en geldvloeie<br>- Toon die verhouding van die finansiële sektor in die ekonomiese kringloop |
| - **Vergelykings** | • Regverdig die ewewig: L = J en dui sy komponent-elemente aan:<br>- Inspuitings (J = I + G + X)<br>- Lekkasies (L = S + T + M)<br>• Kort verduideliking van 'n ekonomie in ewewig:<br>- Y = C + I + G + (X – M)<br>• Verbind totale verbruiksbesteding aan inkome<br>• Verduidelik begrippe **outonome verbruik** en **marginale verbruiksgeneigdheid (mvg)** |
| - **Markte** | • ***Bespreek in detail die markte in die VIERSEKTOR-model***<br>- **Faktormarkte:** (arbeid, hulpbron, kapitaal)<br>- **Produktemarkte:** (verbruiks- en kapitaalgoedere, duursaam, semi-duursaam en nie-duursaam)<br>- **Finansiële** (geld en kapitaal) **mark**<br>- **Buitelandse valutamark**<br>- Verbind die funksionering van finansiële en buitelandsevaluta-markte aan die deelnemers van die ekonomiese kringloop |
| **1.2 Nasionale rekeningtotale** | (Fokus: Relevante begrippe, afleidings, interpretasie, ontleding van totale en omskakelings)<br>• Beskryf kortliks die **begrippe** BBP en BNP<br>• Beskryf die DRIE **metodes** om BBP te bepaal met die gebruik van tabelle:<br>- Produksie BBP(P)<br>- Inkome BBP(I)<br>- Besteding BBP(E)<br>• Ontleed, interpreteer en lei totale in data-tabelle af |
| **Nasionale rekening-omskakelings** | • Ontleed die nasionale rekeningomskakelings:<br>- Faktorkoste, basiese pryse, markpryse<br>- Belastings en subsidies op produksie<br>- Belastings en subsidies op produkte<br>- BBP na BNP<br>• Verduidelik die **doel** met die Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR) soos deur die Verenigde Nasies (VN) uiteengesit |

| | |
|---|---|
| **1.3 Die vermenigvuldiger** | (Fokus: Relevante begrippe, berekeninge, interpretasie of grafiese verduideliking, aflei en toepas)<br>• Beskryf kortliks die **begrip** vermenigvuldiger<br>• Verduidelik die **vermenigvuldigerproses**. (Koppel aan ekonomiese kringloop en voorbeelde).<br>• Bereken die **waarde** van die vermenigvuldiger deur die **basiese formules** te gebruik (2-sektor model):<br>- $\frac{1}{1-mvg}$<br>- $\frac{1}{msg}$<br>- $\frac{\Delta Y}{\Delta E}$<br>• Toepassing van die basiese formule (2-sektor model)<br>• 'n Kort verwysing na die impak van 'n 3-sektor en 4-sektor ekonomie op die waarde van die vermenigvuldiger<br>• Verduidelik die vermenigvuldiger met die gebruik van 'n goedbenoemde grafiek. |

| **ONDERWERP 2: SAKESIKLUSSE** | **DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
|---|---|
| **Ontleding en verduideliking van sakesiklusse en hoe dit word in vooruitskatting gebruik word** | (Fokus: Relevante begrippe, samestelling, verduideliking, owerheidsbeleide, nuwe ekonomiese paradigma en kenmerke onderliggend aan vooruitskatting met betrekking tot Suid-Afrikaanse toestande) |
| **2.1 Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse** | • Beskryf kortliks die **begrippe**<br>• Beskryf kortliks die **aard** van sakesiklusse<br>• Toon/Illustreer 'n **tipiese sakesiklus**<br>• Gebruik 'n diagram en bespreek kortliks die verskillende **fases** in 'n sakesiklus<br>• Gee 'n breë oorsig van die **werklike** sakesiklus. |
| **2.2 Verduidelikings/Oorsake** | • Bespreek die **eksogene (Monetaristiese)** verduideliking<br>• Bespreek die **endogene (Keynesiaanse)** verduideliking<br>• Vergelyk beide verduidelikings<br>• Gee 'n breë oorsig van die **tipes** sakesiklusse (Kitchin, Jugler, Kuznets en Kontratieff) |
| **2.3 Owerheidsbeleid** | • Verduidelik kortliks die samestelling van die volgende beleide:<br>- **Fiskale beleid**<br>o Belasting en owerheidsbesteding<br>o 'n Kort verband met die begroting<br>- **Monetêre beleid**<br>o Rentekoerse (repokoers)<br>o Opemarktransaksies<br>o Kontantreserwevereiste<br>o Morele oorreding |
| **2.4 Die nuwe ekonomiese paradigma (effening/ gladstryk van siklusse)** | • ***Bespreek volledig 'Die nuwe ekonomiese paradigma/Verduidelik die 'effening/gladstryking/uitstryking van siklusse'***<br>- **Verduidelik vraagkantbeleide**.<br>o **Verduidelik duidelik hoe monetêre en fiskale beleide (uitbreidend en inkrimpend) gebruik kan word met die gladstryk/effening van sakesiklusse**<br>o **Dui die verband aan tussen inflasie (piek) en werkloosheid (trog) deur die Phillips-kromme te gebruik**<br>- **Verduidelik aanbodkantbeleide en hoe totale aanbod gestimuleer kan word deur:**<br>o **Vermindering in koste**<br>o **Verbetering in die doeltreffendheid van insette**<br>o **Verbetering in die doeltreffendheid van markte**<br>• Verduidelik die effek/invloed van vraagkant- en aanbodkantbeleide deur 'n grafiek (totale vraag en totale aanbod) te gebruik.<br>• Beskryf kortliks die relevante begrippe |
| **2.5 Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse** | • ***Bespreek volledig die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting***:<br>- **Aanwysers**<br>o **Leidende**<br>o **Samevallende**<br>o **Sloerende/Naloop**<br>o **Saamgestelde**<br>- **Lengte/duur van 'n siklus**<br>- **Amplitude**<br>- **Die tendenslyn**<br>- **Ekstrapolasie**<br>- **Bewegende gemiddeldes**<br>• Gebruik 'n diagram en bespreek die sikluslengte, amplitude en die tendenslyn as kenmerke onderliggend aan vooruitskatting. |

| ONDERWERP 3:<br>PUBLIEKE SEKTOR | DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|
| **<u>Evalueer</u> die rol van die openbare sektor in die ekonomie met spesifieke verwysing na die sosio-ekonomiese verantwoordelikheid daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks** | (Fokus: Samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor, probleme van openbaresektor-voorsiening, doelwitte, fiskale beleid en redes vir openbaresektor-mislukking) |
| **3.1 Die samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor** | • Bespreek kortliks die **samestelling** van die openbare sektor<br>• Verduidelik die **noodsaaklikheid** van die openbare sektor:<br>- Om openbare goedere te voorsien<br>- Om hulpbronne te bewaar<br>- Om die ekonomie te bestuur |
